

J. Chr. Boetzje

'N PAAR GEDAGTES

OOR

SPELLINGHERVORMING



DEUR

PROFESSOR J. J. SMITH.

DE NATIONALE PERS. BEPERKT.

Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein en Pietermaritzburg.

A

439.36142

SMI


'N PAAR GEDAGTES
OOR
SPELLINGHERVORMING

MET
**LYS VAN WYSGINGE IN DIE AFRIKAANSE
SPELLING**

goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir
Taal, Lettere, en Kuns, in Januarie 1920.

DFUR
Professor J. J. SMITH

(Oorgedruk uit DIE HUISGENOOT, met aanvulling.)



De Nationale Pers, Beperkt, Keeromstraat, Kaapstad.
1920.

'n Paar Gedagtes oor Spellinghervorming.

Spellinghervorming is in alle lande bekend, en wel van die vroegste tye af aan.

In Holland is daar drie spellingreëlinge in die neentiende eeu gewees—dié van Siegenbeek in 1804, dié van De Vries en Te Winkel in 1865 (wat nou nog die offisiële spelling van Holland en België is), en dié van Kollwijn in 1891 (wat vanaf 1906 die gebruiklike spelling in Suid-Afrika is).

In Duitsland het 'n nuwe spellingreëling in 1876 tot stand gekom, en 'n ander weer in 1902. Op die oomblik word daar deur die „Allgemeine Deutsche Sprachverein” weer voorstelle gedaan vir die vereenvoudiging van die Duitse ortografie.

In die Verenigde State van Amerika het president Roosevelt in 1906 'n lys van 300 woorde in 'n vereenvoudigde spelling uitgegee vir offisiële gebruik; kort daarna is dié saak aangepak deur die “Simplified Spelling Board” van Amerika en die “Simplified Spelling Society” van Engeland; en in 1913 was die beweging, wat in sy geledere die vernaamste outoriteite op taal- en onderwysgebied getel het, reeds só ver gevorderd dat die Engelse fonetikus Jones kon skrywe:—

Die kwessie van die hervorming van die Engelse spelling tree vinnig op die voorgrond. Die werk van die Engelse „Simplified Spelling Society” is buitengewoon suksesvol gewees, en baie van ons vernaamste opvoedkundiges wy nou hul aandag aan dié onderwerp. Die tyd sal kom (en ons het rede om te glo dat die tyd nie veraf is nie) dat 'n hervormde spelling van die Engelse taal offisiële sanksie sal kry.

In Frankryk is daar ook teen die einde van die neentiende eeu veel geywer vir 'n verbeterde spelling; en in 1901 het die Franse Minister van Onderwys, met die goedkeuring van die Franse Akademie, werklik enkele wysiginge ingevoer.

Die Italiaanse spelling is seker een van die maklikste en beste wat daar bestaan, en tog vind ons dat senator prof. Luciani enkele jare gelede 'n skema ontwerp het om die paar oorblywende onreëlmatighede in die Italiaanse spelling te verwyder.

In Denemarke, waar die spelling nie veel beter as in Engeland is nie, het in April 1919 'n politieke krisis in die Parlement ontstaan oor die hervorming van die Deense spelling. (Dit is verfrissend om te vind dat daar tog nog 'n land in Europa is wat onder al die swaardgekletter en kanongebulder tyd het vir so 'n onskadelike saak as spellinghervorming!)

In lande soos Engeland en Frankryk het die allesinswelgende oorlog natuurlik ook die beweging vir 'n verbeterde spelling van die toneel laat verdwyn; maar as die vrede eers vergoed daar is, sal die hervormers ook seker weer van hulle laat hoor.

Die spelling van 'n taal, net soos enige ander mensewerk, is nooit volmaak nie; en daarom is die strewe om die spelling beter te maak, op sigself lofwaardig. Maar daar kom nog 'n ekstra rede by waarom die hervorming van die spelling op sekere tye 'n noodsaaklikheid word: 'n skryftaal is maar 'n afbeelding, 'n soort portret, van die klanke van die gesproke taal, en aangesien die gesproke taal nooit dieselfde bly nie, maar lingsamerhand allerlei veranderinge ondergaan, so spreek dit vanself dat die skryftaal van tyd tot tyd moet gewysig word as dit nie 'n hopeloos oudêrwetse portret wil word nie. Die klanke van die spreektaal word vanself gewysig, ongemerk; die spelling daarenteen, wat die klanke van die spreektaal op skrif moet weergee of aandui, is 'n kunsmatige produk, wat opsetlik moet verander word.

In lande soos Engeland, Denemarke, en Frankryk, waar die volk nou vir 'n paar eeue versuim het, om hul spelling behoorlik te hersien, is die kloue tussen klank en teken dan ook so groot geword dat die gewone kind in dié lande letterlik jare van sy kosbare lewe op die aanleer van die spelling vermors en daarby dan nog in geen geringe mate sy redeneervermoëns moet verstomp, aangesien soveel in die gebruikelike spelling onredelik en willekeurig is. Oor hierdie punt sê prof. Lounsbury van die Yale-Universiteit in sy belangryke boek oor *English Spelling and Spelling Reform*:—

In dié geval van sekere woorde word die kind berispe as hy 'n letter uitlaat. In dié geval van ander woorde van presies dieselfde aard en oorsprong word hy berispe as hy dit insit. Hy word b.v. gevra om die voegwoord *till* te spelle. Die mense wat eerste die woord gebruik het, het net maar één *l* nodig gehad. Gevolglik het hul dit nie verdubbel nie. Wel, as die kind dit nou spelle, soos sy vroeë voorvaders, met één *l*, dan word hy berispe; maar as hy by die samestelling *until* kom, dan word hy weer berispe as hy dit met twee *l*'s spelle. As sulke vormverskille maar een of ander doel bevorder het, dan kon 'n mens nog eensins vir hul behoud pleit. Maar hul doen niks van dié aard nie. Hulle hoop net die las op van nuttelose, ja skadelike kennis, waarmee kinders verplig word om hul geheue te oorlaai in weerwil van hul rede. Tyd wat moes deurgebring word in die leer van iets wat waardevol in sigself is, en daarom blywend nuttig, word nou vermors op die aanleer van leë onderskeidinge in die uitwendige weergawe van woorde — onderskeidinge wat in die werklikheid nie bestaan, nie, maar wat tog volgens gewoonte as van die allergrootste belang beskou word.

Hierdie laaste sin van prof. Lounsbury bring ons nou tot die vraag wat so dikwels gedaan word: Is dit nou werklik die moeite werd om soveel aandag aan so 'n ondergeskikte saak as die spelling te wy? Die taal self is tog die hoofsaak; en wat kom dit nou daarop aan of daar 'n lettertjie minder of meer is, solank as ons die geskrewe woorde tog kan lees en verstaan? Ons oog is nou eenmaal daaraan gewend om *vrouw* met 'n *w* te sien; waarom kan dit nou nie maar bly nie? So word gevra deur vele persone, wat dan die

spellinghervormers bestempel as kleinsielige mensies wat eintlik nooit by die ware studie van die taal self kom nie, maar wat hul tyd verbeusel met allerlei kibbelarye oor die spelling.

Maar sulke persone redeneer nie alleen oppervlakkig nie: hulle is ook selfsugtig. Hul praat net van hul eie standpunt af, asof almal reeds die spelling aangeleer het; en hul vergeet dat daar nog duisende en duisende ná hul die spelling moet leer; hul vergeet ook dat aan 'n korrekte spelling vandag wel deeglik 'n onredelike en onbillike waarde geheg word, sodat as iemand nie vandag volgens die erkende reëls van die spelling skrywe nie, hy veelal as 'n onopgevoede of ongelletterde beskou word. Nee, dit is voorwaar nie die spellinghervormers wat soveel waarde aan die spelling heg nie: dit is die maatskappy en veral dié mense wat één vasgestelde norm vir altyd wil behou.

Juis omdat die spelling iets ondergeskiks is, juis daarom moet dit so maklik en konsekwent moontlik wees, sodat daar nie onnodig tyd op gemors word nie. As ek 'n brief skrywe, is die pen waar ek mee skrywe ook maar bysaak: die hoofsaak is natuurlik wat ek skrywe; maar beteken dit nou dat ek geen aandag aan die bysaak mag wy nie en dat ek maar met 'n slegte pen moet voortsukkel—en dit terwyl daar 'n beter pen net vir neem klaar lê? Die doel maak nog glad nie 'n slegte middel goed nie, en dit is net 'n dwaas wat die slegste gereedskap uitsoek as hy een of ander werk wil verrig.

Die spelling is maar 'n middel om tot die doel te geraak; en in stede dat die hervormers alle aandag aan die middel en niks aan die doel wy nie, is dit juis hulle wat protes aanteken dat daar soveel tyd onnodig op die middel gemors word. Hulle plaas hul ook op die standpunt van die geslagte wat die spelling nog moet leer, en hul het soveel geloof in die toekoms van hul volk dat hul oortuig is dat dit veel edeler is om te werk vir die belange van al die geslagte wat nog sal kom, liever as net vir die één geslag wat nou lewe en wat môre oormôre van die toneel sal wees.

Spellinghervorming is ook in ons taal 'n noodsaaklike iets. Ons spelling gee in meer as een opsig 'n vals beeld van ons klanke—wat grótendeels daaraan toe te skrywe is dat dié eerste opstellers van ons spelling hulle so ná moontlik aan die skryfwyse van die Vereenvoudigde of Kollewynse spelling van Nederlands, wat hier in ons land bekend is, moes hou. So skrywe ons *v* en *f* vir een en dieselfde klank, eenvoudig omdat ons oog gewend geraak het om in Nederlandse woorde *v* en *f* te sien; maar in Nederlands het dié letters verskillende klankwaardes, sodat daar in dié taal wel deeglik 'n grondige rede vir die twee tekens is. So maak ons op skrif ook onderskeid tussen *peil* en *pyl*, eenvoudig omdat die Nederlandse spelling 'n onderskeid maak, hoewel ons (en ook die Hollanders) in die uitspraak van dié twee woorde geen verskil kan hoor nie. Al sulke inkonsekwensies maak die spelling moeilik vir kinders, en hul leer dit dan ook net deur gedurige oefening—d.w.s. as hul dit ooit leer; want as ons sien dat selfs ons drie opstellers van die Woordelys foute maak met sulke woorde as *dynserig*, *peil*, *reier*, *uitwei*, *vinkel*, dan begin ons te vrees dat party spelvorme haas onleerbaar is.

Ons staan nog betreklik aan die begin van ons letterkundige ontwikkeling, en ons kan ons spelling vandag veel makliker wysig as die nasies wat reeds vassit in die kloue van tradisie en gewoonte. Gevestigde belange en onkunde is die twee groot vyande van alle hervorming; die laaste veral speel 'n baie groot rol, en dit is altyd opmerklik dat persone wat die minste weet van die geskiedenis van hul eie taal, in die reël die sterkste voorstanders van 'n verouderde, sogenaamde „etimologiese” spelling is.

Maar spellinghervorming—hoe wenslik dit ook al is—mag nie op 'n bandelose wyse geskied nie. Ons lewe in die twintigste eeu, en elkeen kan nou nie meer eksperimenteer net soos hy wil nie. Ver al hier by ons, waar ons nog veel te stry het om ons taal sy regmatige plaas in ons samelewing te verseker, sal dit

ons saak groot skadé aandoën as 'ons deur onbeteuelde eksperimenteerdersy verwarring gaan stig. Spellinghervorming, hoe afhanklik dit ook al is van die medewerking en goedkeuring van die hele volk, vereis tog 'n groot mate van vakkennis; en daarom is dit onwenslik dat somaar elkeen voor die voet weg toegelaat word om te wysig soos hy vir die oomblik mag goedvind. Nee, spellinghervorming moet die werk wees van 'n behoorlik erkende liggaam, wat handel volgens die wense van die volk en alleen op advies van bevoegde taalmanne. So 'n liggaam moet ook sorg dra dat die wysiging wat van tyd tot tyd ingevoer word, sodanig is dat die volk daarmee instem, en dat dit nie die bestaande geskrifte onleesbaar maak nie. Want as 'n hervorming wil slaag, moet dit in die reël geleidelik geskied, en nie op 'n rewolusionêre wyse nie. En as die volk vertrou het in sy hoogste taalliggame en taalmanne, en oortuig is van die wenslikheid om die skryftaal en die spreektaal so ná moontlik aan mekaar te hou, dan sal daar van tyd tot tyd—seg vereers elke vier of vyf jaar, later miskien maar elke dertig of vyftig jaar—kleine wysiginkies aangebring word.

Afrikaans is eers in die jaar 1875 op doelbewuste wyse as skryftaal deur die Genootskap van Regte Afrikaners gebruik; en gedurende die vyf-en-veertig jaar wat sinds verloop het, is daar ook al heelwat wysiging in die spelling aangebring.

Die spelling van die Genootskap van Regte Afrikaners was in die begin baie soos dié wat ons vandag gebruik; en toe reeds het hul die *w* in woorde soos *flou, gou, trou*, weggelaat. Van 1882 af word *ie* in ope lettergrepe met *i* aangedui (*di, wi, dire, rite*). Van 1890 af word *ie* in geslote lettergrepe *ii* geskrywe (*tiiir, miir, diir*). Na 1896 word *v* aan die begin van woorde deur *f* vervang (*fader, fan, faak*), en *ei* word *y* (*myd, skyding, hylighyd*).

Met die Jameson-inval en die Engelse Oorlog het die taal en die spelling van *Di Patriot*, saam met sy politiek, in diskrediet gekom—met die gevolg dat die

nuwe taalbeweging, wat ná die oorlog ontstaan het, verplig was om weer by die begin te begin.

- Die spelling wat die Afrikaanse-Taalvereniging in 1908 vasgestel het, het die praktyk van die meeste skrywers van dié tyd in reëls vasgeleg en het 'n end gemaak aan alle spelling-eksperimenteerdery.

Toe het die Akademie-reëling in 1915 gekom—wat feitlik dieselfde was as dié van die A.T.V., behalwe dat dit op enkele punte (b.v. die behoud van die *w* in *flouw*, *gouw*, *trouw*, van die *ij* in *mij*, *sij*, *wijn*, en van twee *e*'s in die eerste lettergreep van *tweede*, *seeë*) weer teruggekeer het na die Nederlandse skryfwyse. Verskeie skrywers (b.v. adv. De Waal) het egter nooit ingewillig om *jouw*, *vrouw*, *gouw*, *tweede*, ens., te skrywe nie; terwyl ander weer onder protes dié vorme alleen ter wille van die eenheid geskrywe het. Hoe dit ook al sy, die vry volledige spelreëls en die Woordelys van die Akademie het 'n spellingnorm vir ons taal geskep wat vroeër nie bestaan het nie—vandaar dan ook dat dit so 'n groot mate van instemming by die volk geniet het.

Op sy vergadering gehou op Stellenbosch, laaste Januarie het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere, en Kuns, enige wysiginge in die spelling van Afrikaans goedgekeur. Die geskiedenis van dié hervorming is kortliks as volg.

Op die vergadering gehou op Bloemfontein in Julie 1918 het die Akademie 'n kommissie benoem om die Afrikaanse spelling en die Woordelys grondig te hersien en rapport te doen op die eersvolgende vergadering. As kommissie is toe benoem prof. dr. J. D. du Toit ("Totius"), van Potchefstroom, konvener; dr. D. B. Bosman, van Bloemfontein; prof. dr. D. F. Malherbe, van Bloemfontein; prof. dr. T. H. le Roux, van Pretoria; en prof. J. J. Smith, van Stellenbosch.

Die rapport van die kommissie is op die laaste vergadering van die Akademie voorgelê en bespreek. Die Akademie het die voorstelle van die kommissie almal aangeneem, maar het die finale formulering en rang-

skikking daarvan in die hande van die kommissie gelaat. Die Akademie het verder besluit om by die onderwys-otoriteite aan te beveel dat die wysiginge op 1 Januarie 1921 in die skole sal ingevoer word.

Hierdie besluit beteken glad nie dat die Akademie van oordeel is dat niemand die nuwe spelling vóór 1 Januarie 1921 mag gebruik nie: dit beteken alleénlik dat die onderwys-otoriteite versoek sal word om die gewysigde spelling van dié datum af in die skole verplig te maak. Boeke, koerante, en tydskrifte, kan dadelik die wysiginge aanneem, en hoort o.i. dit ook aan te neem, sodat die volk daarmee bekend kan raak. Persoonlik sien ons ook nie in waarom onderwysers nie nou reeds die gemakliker vorme aan die kinders kan leer nie; die bestaande boeke hoef daardeur geen-sins onbruikbaar te word nie, daar die wysiginge veel te gering is en die paar verskilletjies maklik deur die onderwyser kan verduidelik word. Kinders is nie so dom soos party mense vir ons wil wysmaak nie.

Die wysiginge deur die Akademie nou goedgekeur, is eintlik maar heel beperk in omvang en hoef niemand af te skrik nie. Die ooglopendste veranderinge is seker die vervanging van *ij* deur *y* in woorde soos *gryp*, *skyn*, *sy*, *ys*, en die afskaffing van die „toonlose” of „stomme” *w* in woorde soos *blou*, *gou*, *jou* (nou besitlik sowel as persoonlik), *pou*, *poue*, *vrou*, *vrouens*, *ru*, *sku*, *u* (nou besitlik sowel as persoonlik), *waarsku*, *eeu*, *eene*, *leeu*, *lecu*, *skreeu*, *spreeu*. Die ander „nuwighede” geld hoofsaaklik die erkenning van sulke gebruiklike vorme as *almal*, *miskien*, *geensins*, *enig-sins*, en die vermindering van die groot getal wissel-vorme wat daar in de Woordelys aangetref word (so word b.v. in die vervolg deur die Akademie net *baie*, *bring*, *dink*, *ek*, *somarr*, erken). Veral lesers van Afrikaanse tydskrifte soos DIE HUISGENOOT sal baie ou bekendes nou offisiël erkend sien.

Ons verstout ons om te sê dat die geslagte wat nog Afrikaans op skool sal moet leer, baie dankbaar sal wees vir die genóme besluite. Waar daar 'n ou spelling effens gewysig word, is dit in elke geval 'n verge-

makliking, 'n verwydering van 'n nuttelose las: iets wat vroeër onreëlmstig was, word nou reëlmstig; en waar daar in die geval van wisselvorme een of meer vorme afgeskaf word, is dit maar net 'n gevolg van die onmiskenbare strewe na groter eenvormigheid wat hom so sterk oor die hele land laat voel het vandat Afrikaans in die skole ingevoer is.

Ons Kriek. Kph "Brandwag" Aug. 1920.

**WYSIGINGE IN DIE AFRIKAANSE SPELLING
GOEDGEKEUR DEUR DIE SUID-AFRI-
KAANSE AKADEMIE VIR TAAL, LETTERE,
EN KUNS, IN JANUARIE 1920.**

[Onderstaande formulering en rangskikking is van die skrywer. Die offisiële formulering van die Akademie het nog nie verskyn nie.]

A. NUWE SPELVORME.

(1) Die letter *y* (sonder titteltjies) word gebruik in plaas van die verbinding *ij*: *gryp, hy, lyn, pyp, skyn, wyd, ys, ywerig*.

(2) Die letter *w* val oral weg waar daar geen *w*-klank in die uitspraak gehoor word nie: *blou, gou, gouer, gou-gou, gouigheid, jou* (besitlik soewel as persoonlik), *pou, poue, toeskouers, verbouereerd, vrou, vrouens; ru, sku, u* (besitlik sowel as persoonlik), *waarsku; eeu, eëue, leeu, leeus, skreeu, spreeu*. (Waar 'n *w* uitgespreek word, word dit natuurlik ook geskrywe: *afskuwelik, ewig, gruwelik, huwelik, nuwe*.)

(3) In plaas van *uw* word *uu* geskrywe in *gehuud, nuus, nuut, oopnuut, ruuste* (oortreffende trap van *ru*; vergelyk *naaste* en *na*), *skuuste*, en soortgelyke woorde. (Natuurlik *gehude, hubaar*, ens., met *u* in ope letter grepe.)

(4) In verboë vorme van woorde soos *see, twee, weë*, en in afleidinge daarvan op agtervoegsels met dié swakbeklemde klinker *e* of *i* in die eerste lettergreep, word net één *e* in ope lettergrepe geskrywe: *see* (meerv. van *see*), *weë* (meerv. van *wee* sowel as van *weg*); *bekleër, geërig, geëry, tweede, twedens, tweërlei, veër* (iemand wat *vee*), *veëry, weig, weigheid*. (Samestellinge, afleidinge, met die halfsterk-beklemde agtervoegsels — b.v. *-agtig, -baar, -dom, -heid, -ling, skap, -waart* of *-waarts* —, en verkleinwoorde op *-tjie*, behou die twee *e*'s van die grondwoord: *meegaan, seekus, teepot, tweespalk, veekraal; domineeagtig, seewaarts, smeebaar, tweeheid, tweeling, veeagtig, weedom, weduweeskap, weeheid; domineetjie, seetjie, treetjie, treetjies*.)

(5) Die verbinding *gh* word gebruik om die medeklinker aan die begin van sulke woorde as *ghantang, ghoenie, ghoeroe, ghwarrie*, aan tē dui. Die klank wat *gh* aandui, is dieselfde as dié van *g* in Eng. *go* of van *gh* in Eng. *ghost*. (In die middel van woorde na *r* word nog, net soos voorheen, alleenlik *g* geskrywe: *berge, burger, erger, terge, verwurde*.)

(6) *Frainings, goiingsak, kaiings, kastaiings, toiings*, en ander sulke woorde, word met twee *i*'s geskrywe. (Vergelyk *bemoeiing, draaiing, verfraaiing*.)

(7) *Nieteenstaande, desnieteenstaande, nietemin, desnietemin*, verdubbel nie meer die *t* nie.

(8) *Allesins, andersins, enigsins, geensins, menigsins, veelsins, miskien*, verdubbel nie meer die *s* nie.

(9) In die woorde-*gensbok, kanfer, konfoor, lanfer*, word *n*, en nie meer *m*, geskrywe nie. (Vergelyk reeds *konfyt*.)

(10) In die woorde *aanstons, afdraans, oorhans, opdraans, saans, soggens, voorwensel*, word dié *d* voor die *s* nie meer geskrywe nie. (Vergelyk reeds *aanwensel, hanslam, tans*.)

(11) *Heeltemal* en *almal* word met één *a* in die laaste lettergreep geskrywe. (Die woorde word nie

meer as samestellinge met *maat* gevoel nie. Vergelyk *algar*.)

(12) Naas die vol vorm *geen* word die swak vorm *g'n* erken. (*Gin* word dus nie langer erken nie. Vergelyk 'n, wat eintlik die swak vorm is van *een*, en *s'n* in: "Dit is pa *s'n*," wat die swak vorm is van *syn*.)

(13) Die woorde *skêr* en *blêr* kry 'n sirkumfleks. (Vroeër was dit enkelv. *sker*, maar meerv. *skêre*.)

(14) Die verkleinwoorde van woorde soos *laer*, *reël*, *seël*, *voël*, behou die spelling van die grondwoord: *laertjie*, *naeltjie*, *reëltjie*, *seëltjie*. Ook in samestellinge bly die spelling van die oorspronklike vorm bewaar: *reëlmaat*, *reëlmatig*, *reëlreg*, *voël-ent*, *voëllym*, *voëlverskrikker*, *voëlvrÿ*. (Vroeër was dit *reël* maar *reeltjie*, *voël* maar *vooltjie*; en naas *voëllym*, ens., het ook vorme met *oo* gestaan.)

(15) Die voorsetsel *weens* word sonder skeidings-teken geskrywe. (Vergelyk die voorsetsel *teen* en ook *teenswoordig*.)

(16) Stofname word met die volgende selfstandige naamwoord nou altyd aaneengeskrywe: *blikbord*, *grasdak*, *hout-as*, *koperketel*, *sementvloer*, *silwerketting*, *sistabberd*, *syrok*, *ysterpaal*. (Egte stoflike byvoeglike naamwoorde op *-e* bly natuurlik nog apart: *goue* kettings, *stene* harte, *wasse* tafels, 'n *ysere* wil.)

B. VERMINDERING VAN WISSELVORME.

(1) In een en dieselfde woord kan *eng* en *ing*, *enk* en *ink* nie meer met mekaar afwissel nie. Sulke woorde word nou, gewoonlik in ooreenstemming met die mees gebruiklike uitspraak, of met *i* of met *e* geskrywe. Dus met *i*: *bring*, *dink*, *hingsel*, *katswink*, *krink* (van 'n wa gesê), *ming*, *skink* (Eng. „to pour out”), *swingel*, *tingerig*, *vinkel*, *wink* (Eng. „to beckon”), *winkbrou*; met *e*: *drenkeling*, *engel*, *Engels*, *geskenk*, *lengte*, *skenk* („present gee”), *skenking*, *wenk* (Eng. „hint”).

N.B. In samestellinge en afleidinge verskyn *bring*; *dink*, *ming*, dikwels as *brengh*, *denk*, *meng*: voortbringing, voortbrenghsel, bedenklik, denkbeeld, gedénkteken, ovrdenking, verdenking, gemengd, mengelmoes; mengsel, vermenging. (Vergelyk *besetting*, *deursettingsvermoë*, *ontsetting* met die werkwoord *sit*, ook *omliggende* met die werkwoord *lé*.)

(2) In gevalle waar *em* en *im*, *en* en *in*, vroeër met mekaar afgewissel het, word voortaan net die vorm met *em* en *en* erken: *gemmer*, *prent*, *prentjie*, *rem*, *swem*, *swemmer*, *wen*.

(3) Net *se* word geskrywe in gevalle soos: „Dit is pa *se* hoed,” „oom *se* pyp.” (Vroeër het die Akademie s'n ook erken.)

(4) Die besitlike voornaamwoorde van die eerste persoon enkelvoud en van die derde persoon manlik enkelvoud is *my* en *sy*. (Vroeër was dit *my* of *myn*, *sy* of *syn*.)

(5) As persoonlike voornaamwoord van die eerste persoon enkelvoud eerste naamval word net *ek* erken. (*Ik* geniet dus nie meer offisiële erkenning nie.)

(6) Net die vorm *somaar* word voortaan erken. (Vroeër was dit *somaar* en *sommer*.)

(7) Werkwoordelike vorme op *eë* (Ndl.-*eden*) soos *aankleë*, *bekleë*, *betreë*, word afgeskaf, en voortaan word net *aanklee*, *beklee*, *betree* erken.

(8) Net die vorm *baie* word erken. (Dus nie meer *baing* of *baje* nie.)

(9) Net die vorm *as* word erken. (Vroeër was dit *as* en *als*.)

(10) As bywoord en as voegwoord word net die vorm *toe* erken. (*Toen* word dus afgeskaf. Natuurlik nog *toenmalig* en *toentertyd*, in ooreenstemming met die algemene uitspraak.)

(11) Die voorsetstel *naar* word nie meer erken nie, en Afr. *na* word gebruik vir Ndl. *na* sowel as vir Ndl. *naar*. (As dit mag nodig wees om ter wille van die

duidelikheid enige onderskeid te maak, dan kan die betekenis van Ndl. *na* in Afr. met die vorm *ná* aangedui word. Vergelyk *een* en *één*, *en* en *èn*, of *en óf*, 'n *versierende* huis en 'n *versierende* man, Ndl. *voor* en *voór*.)

∴ (12) By *senuwee*, *senuweeagtig*, *skaduwee*, *weduwee*, *weduweeskap*, word net die vorm met *u* erken: (Vroeër was dit ook *senewec*, *seneweeagtig*, *skadewe*, *wedewe*, *wedeweeskap*. Vergelyk *reguleer*; *tumult*.)

C. AFSKAFFING VAN VREEMDE SPELVORME.

(1) *ai* word *é* in *affêre*, *militêr*, *populêr*, *populêrder*, *rewolusionêr*, *sekundêr*. ens.

(2) *au* word *ou* in *ouditeur*, *outeur*, *outoriteit*, ens.

(3) *c* word *k* of *s*, volgens die uitspraak: *kafee*, *konjak*, *sederboom*, *sentrum*, *sertifikaat*, *sienies*, *sipres*.

(4) *ch* word *g*, *k*, *s*, *sj*, of *tj*, volgens die uitspraak: *gaos*, *gemie*, *gerub*, *kloroform*, *kolera*, *masien*, *Sinees*, *sjampanjïe*, *sjokolade*, *tjek*.

(5) *eau* word *o*: *buro*, *kado*, *tablo*. (Die meervoud is *buro's*, *kado's*, *tablo's*.)

(6) *gn* word *nj*: *konjak*, *sjampanjïe*.

(7) *th* word *t*: *atleet*, *matesis*, *teater*, *tema*, *teologie*, *teoreties*, *tesis*, *tesourier*.

(8) *v* word *w* in die middel van woorde waar in die onvervalste Afrikaanse uitspraak 'n *w* gehoor word: *aktiwiteit*, *diwidênt*, *envelop*, *ewolusie*, *indiwidu*, *konserwatief*, *konserwatorium*, *reserwe*, *rewolusie*, *Skandinawië*, *soewerein*.

(9) *x* word *ks*: *aksioma*, *heksameter*, *oksford*.

(10) *y* met die waarde van die *ie* in *riet* word *ie* of *i* volgens die klem—d.w.s. *ie* in lettergrepe wat die hoofklem van die woord dra, en *i* in swakker-beklemde lettergrepe: *fiesies*, *fiesika*, *lieries*, *sienies*; *fisiologie*,

liriek, silinder, sipres. As *y* die waarde van die *i* in *dik* het, dan word dit altyd deur *i* vervang: *Egipte, simpatie, sintaksis, sisteem.*

(11) *z* word *š*: *sefier, sodiak, soölogie.*

N.B.—Uit bo-staande blyk dat vreemde woorde nou byna altyd op eḡ Afrikaanse manier kan gespelle word. Beslis vreemde woorde, wat elkeen as sulks voel en wat ons in die middel van 'n Afrikaanse sin kursief of tussen aanhalingstekens sou druk, kan natuurlik die vreemde spelling behou. Ook eiename behou dikwels 'n on-Afrikaanse spelling: *Augustus, Australië, Cyprus, Cyrus, Jacobus, Shakespeare.*



010618299-

